**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Moenie met 'n potlood skryf nie.

12. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1–1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.6, 1.7 en 1.8 moet jy jou eie titel gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Ek het my selfoon verloor! **[50]**


1.2 Dié persoon sal ek altyd onthou **[50]**

1.3 Ek wens ... **[50]**

1.4 Ek het die reg om te sê wat ek wil **[50]**

1.5 Helpende hande **[50]**

1.6



[Bron: twinkl.com] **[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.7



[Bron: www.stock.adobe.com] **[50]**

1.8



[Bron: www.images.goole.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy het lank gesukkel om werk te kry, want daar is nie baie werk in Suid-Afrika nie. Nou het jy werk gekry en is baie gelukkig daaroor.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou ouma en vertel van hierdie nuwe werk en waarom jy so gelukkig is. **[30]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy gaan doen graag jou inkopies by die groot supermark naby jou huis. Daar is 'n paar dinge by hierdie supermark waarvan jy nie hou nie.

Skryf 'n FORMELE BRIEF (klagtebrief) aan die bestuurder van die supermark waarin jy oor hierdie dinge kla. **[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

'n Onderwyser wat vir baie jare ekstra klasse in Afrikaans by die huis aangebied het, tree nou af. 'n Groep leerders wat by hierdie onderwyser klas gekry het, hou 'n afskeidsfunksie vir hom/haar. Hulle het jou gevra om 'n huldeblyk aan die onderwyser namens hulle te lewer.

Skryf hierdie HULDEBLYK. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jy bly nog saam met jou ouers, maar wil nou jou eie blyplek kry. Jou ma hou nie baie van hierdie idee nie. Julle gesels hieroor.

Skryf die GESPREK tussen jou en jou ma neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy wil jou fiets gebruik om mense se inkopies vir hulle te doen en by hulle huise af te lewer.

Ontwerp 'n PLAKKAAT om mense van jou diens te vertel. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou vriend se pa het sy werk verloor. Die gesin/familie kry nou baie swaar. Jy wil jou ouers vra om hulle te help.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand vóór jy met jou ouers gesels het
- Die aand nádat jy vir jou ouers gevra het om jou vriend se gesin/familie te help **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy en jou vriende beplan 'n partytjie. Jy moet seker maak dat elkeen weet wat om te doen om seker te maak dat die partytjie 'n sukses is.

Skryf die INSTRUKSIES puntsgewys onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com